# Kabouter Kampus



**Cell: 073 1755 353**
**Kabouter Kantoor: 071 028 7336**
**E-mail: wilnabekker@hotmail.co.za**
**Brahm str 3, SW5, Vanderbijlpark**

**Inligtingstuk vir 2025** **18 Aug 2024**

Baie dankie vir u navrae by ons trotse skool. Ons ontwikkelings program is vir kinders **18maande tot 6jaar.**
In hierdie 6 jaar van u kind se lewe gebeur die hele brein ontwikkeling en daarom is dit die heel belangrikste tyd van hul lewe. Hier vorm die hele fondasie waarop hul in die toekoms alles verder bou. Ons unieke beweging en groot motories georiënteerde program stuur jou kind dus met 'n voorsprong die wêreld in.
Ons glo dat **liefde** die belangrikste sleutel is tot alle sukses.
Wat maak ons **unieke en doelgerigte program** anders?

- Ons program fokus op algehele kinderontwikkeling en skoolgereedheid.
- Ons fokus op die afronding en voorbereiding vir kinders om te voldoen aan die vereistes van kinderontwikkeling en hul mylpale wat lei tot skoolgereedheid.
- Ons bied 'n perfekte balans tussen stimulering en speel wat gerig is op skoolgereedheid.
- Ons stabiele omgewing lewer sekuriteit wat kwaliteit onderrig waar hulle speel-speel op elke ouderdomsvlak spontaal ontwikkel.
- By ons doen hulle daagliks 'n **volledige program** wat in Afrikaans medium aangebied word. Dit is saamgestel uit al die jare se kurrikulums waar ons alles behou het wat goud werd is vir u kind.
- Ons gekwalifiseerde personeel en ruim klasse met 15 maats verseker dat u kind genoeg liefde en individuele aandag kry.
- By ons junior afdeling is klasse heelwat kleiner wat dan kontak tyd met kinders verbeter. Hulle het ook almal n assistent wat voltyds help.
- Ons glo dat gelukkige gestimuleerde kinders tot spontane ontwikkeling lei. Personeel is toegewy en werk met deernis en liefde om 'n verskil te maak in u kind se lewe.
- U kind se sensoriese speel en Kinderkinetika program is ingesluit by u fooi.
- Ons Kinderkinetikus is voltyds by ons en ook beskikbaar is vir individuele terapie.
- U ontvang 2 keer per jaar 'n gedetailleerde Kabouter Kampus vorderingsverslag.

**Algemene inligting**

**Tye:** Ons is oop vanaf 6h45 tot 17h15.
Ontbyt word bedien vanaf 7h45 tot 8h15. Ons klas-program begin ongeveer 8h15.
**Ons fooie vir 2023 werk as volg:** Ons Voldagfooi is R3700 en Halfdag fooi is R3200. Twee kinders uit dieselfde gesin kry bietjie afslag en betaal R7100 en vir halfdag R6100.
**Kos ingesluit is** ontbyt, middagete en broodjies 3uur. U verskaf daagliks self aan u kind 'n kos blikkie wat fokus op vrugte, jogurt of enige gesonde kos wat u kind omstreeks 10h00 te eet.
Ons het 'n **Eenmalige aansluitings fooi** van R1200 wat u kind se skryfbehoeftes insluit met geen addisionele skryfbehoeftes, kussings of komberse nie. Daarna is daar 'n jaarlikse herregistrasie-fooi betaalbaar wat aangewend word vir hul skryfbehoeftes.
**Buitemuurs beskikbaar by ons Seniors is,** Little readers, Witjassies, Tiger Club, Golf, Soccer, Champ Rugby, Dans Muis, Tennis, Abagility Maths en. Buitemuurs by ons junior groep tot 3jaar is slegs Spier Tier, Culinary kids en Sokker
Hoogtepunte om na uit te sien elke jaar is ons sportdag, blomplantdag, Cupcake dae en Senior revue.
Gaan loer gerus op Kabouter Kampus Opvoedkundige Sentrum se Facebook bladsy waar jy alles kan sien wat u ek nie genoem het nie.

Ek kan met trots noem dat ons kinders en ouers baie gelukkig is. Ons sien uit daarna om julle beter te leer ken. Maak asb. seker dat ons **vroegtydig u aansoekvorm** terug ontvang om u kind se naam op ons sisteem te kry asb. U sal daarna die bankbesonderhede ontvang om u aansluitingsfooi te betaal.

Kabouter groete, Wilna Bekker en personeel